Op ‘n Sondagoggend in April 2011 het ek die behoefte ernstig ervaar om die oggend wel in die erediens teenwoordig te wees. Weens die feit dat my motorsleutels in my vrou se motor was kon ek nie kerk toe ry nie, en het ek die fiets opgekommandeer. Ek was 5 minute laat vir kerk en het toe ingegaan en die vierde bank van voor gesit. Derick Boonzaaier was aan die woord en Ida en Klasie van Heerden was in die middelste ry tweede bank van voor.

Na die diens het Eric die Gemeente gevra of hulle sou belangstel om Ida en Klasie seën toe te bid en die hande op te lê, waartydens ek toe ook vorentoe gegaan het en saam gebid het. Oom Klasie het my toe gevra om hom na die diens voor die kerk te ontmoet, hy het my toe vertel van die Thailand uitreik en my meegedeel dat die oomblik toe ek in die kerk gaan sit, het hy reeds vir Ida gesê die man met die blou hemp wat nou daar gaan sit het, sê die Here vir hom, moet saam Thailand toe. Dit was die eerste roeping vir Thailand.

Ek het hom toe meegedeel dat die tydsduur van ongeveer 17 dae bietjie lank was en dat ek nie die besigheid so lank alleen kan laat nie. Ek gaan toe nie saam nie.

Met die voorbereiding van die tweede uitreik in Julie het hy my genooi na die gebedsreisopleiding wat by die kerksentrum aangebied is. Die beplanning was om 9 mense op die Thailand-uitreik te neem.

Ongeveer een week voor die opleiding is ek deur ‘n motor voor ABSA bank omgery. Ek het ‘n hartstilstand ervaar. Ongeveer ‘n kwartier later het hulle my weer bygekry langs die pad. In die tyd het ek groen weivelde gesien en ‘n saligheid ervaar. (Ek sou later uitvind dat dit Thailand se landskap is). Dit was die tweede roeping.

Tydens die gebedsreis voorbereiding by die kerksentrum het Oom Klasie van Heerden my die laaste oggend meegedeel dat hy ‘n droom gehad het en dit met my moet deel. Hy vertel dat ek in Kambodja met ‘n lugdrukboor in my hand staan met 8 diamantpunte. Dit is baie nat omstandighede en ek kyk op na hom en noem dat ons nie deurgeboor kry nie as gevolg daarvan dat een punt kort. (Ek was nog nie oortuig dat ek sou gaan nie en sy antwoord daarop was dat ek self maar moet besluit.) Wat interessant hiervan is, is dat die 9 dan voltallig sal wees om die werk in Thailand te gaan doen. Dit was die derde roeping.

Terug by die huis lui my telefoon en Dr. Herman Burger en sy vrou Isela deel my mee dat hulle weet van die ongeluk waarin ek was en dat hulle en Isela se ouers onmiddelik in gebed gaan intree en dat hulle die Here gaan vra dat ek niks van die ongeluk sal oorhou nie. Die volgende oggend by ongevalle, na xtrale en ‘n sonar kon hulle niks vind wat gebreek was nie en het fisioterapie aanbeveel waar ek toe by Isela Burger geland het.

Tydens die fisio het ek haar vertel van die vorige drie roepings en dat ek bevestiging soek van die roepings. Sy het my van Mev. Beaulah Greyvenstein vertel wat op 72 begin sendinguitreike doen het. Daarna het ek haar onmiddelik besoek en wou by haar weet wanneer die Here jou roep. Daarna het sy gevra wanneer het die Israeliete deur die Rooisee getrek en ek haar geantwoord het toe die priester hulle opgeroep het om dit te doen en sy gesê het – toe hulle die eerste tree gegee het, het die Rooisee oopgegaan.

Met ander woorde jy moet die eerste stap in geloof doen. Net nadat ek klaar by haar was het ek oom Klasie van Heerden gebel en gesê om my kaartjie te bespreek. Dit was die Donderdag so twee weke voor die Gebedsreis na Thailand.

Weens skooltoere en ander werksverpligtinge was my kontantvloei nie van so aard dat ek die reis kon onderneem nie. Die Saterdagaand op Langebaan het ons vriende ontmoet tydens ‘n uiteet, waartydens ek hulle van die Thailand Gebedsuitreik vertel het. Aan die einde van die aand het die betrokke persoon my bankbesonderhede gevra en die Maandagaand was die volle bedrag in my rekening inbetaal wat vir my die 4de oproep en bevestiging was dat ek deel van die groep moes

wees. Mattheus 6:33 het hier vir my betekenis gekry: “Nee, beywer julle allereers vir die Koninkryk van God, dan sal Hy julle ook al hierdie dinge gee.”

Tydens die uitreik het die Here ‘n verdere pad gestap deur my met ‘n kamermaat te seën wat al op 36 uitreike was. Hy is die skrywer van die boek “Gees onbeperk”- dit handel oor Gebedsuitreike wêreldwyd. Dit is sterk aan te beveel vir gemeentelede om te lees ter voorbereiding van hoe uitreike werk.

Tydens ons verblyf in Thailand het ons onder andere die “four pillars” van Buddha besoek. Dit is ‘n temple met 4 ingange na al 4 windrigtings waar ons toe saam gebid en gesing het. Terwyl ons daarmee besig was het sms’e ingestroom vanaf mense uit Suid-Afrika wat besig was om vir ons te bid en op te dra aan die Here. Psalm 24 vers 9 sê die Woord – “Verbly julle, poorte, wees bly, eeue-oue deure, want die magtige Koning wil ingaan!” Alhoewel die tydverskil 6 ure is, was daar mense wat vanaf die oggend 7:00 SA tyd in gebedsgroepe vir ons gebid het. Hulle het nie op daardie tyd geweet waar ons staan nie.

Nog ‘n voorbeeld was toe ons die White temple besoek het. Soos in die Bybelse tyd het ons 7 keer om die tempel geloop, gebid en Halleluja liedere gesing en gevra dat God daardie tempel soos Jerigo se mure sal laat val. Met ‘n sms het ons ‘n antwoord gekry dat die tyd vir Thailand min is om tot inkeer te kom. (Jona 3 vers 4).

Ek het die teenwoordigheid en krag van die Here in Thailand ervaar. Die oes is groot en die arbeiders is min. Ons het die ondersteunende gebed van die Gemeente kragtig ervaar tydens die uitreik in Thailand.

In Thailand het ek toe gesien dat die groen lande in my ongeluk “droom” lyk soos Thailand.